

Alternatiewe krag nou nodig

Regering moet land speen van steenkool

Elise Tempelhoff, Vereeniging

Aggressiewe beleggings in hernieubare energiebronne tesame met die doeltreffende gebruik van krag kan Suid-Afrika se elektrisiteitsrekening teen 2050 met minstens R322 miljard per jaar verlaag.

As Suid-Afrika sy energieplan – wat in die regering se LTMS (langtermyn-versagtingsmaatreëls) opgeneem is – drasties hersien sodat 75% van die land se krag oor 40 jaar van hernieubare energiebronne afkomstig is, kan die land teen daardie tyd jaarliks 200 miljoen ton minder koolstofdioksied (CO₂) in die atmosfeer vrystel.

Só sê Greenpeace en die Europese Raad vir Hernieubare Energie (EREC) in 'n verslag, Energy (R) evolution: A Sustainable South Africa Energy Outlook.

Volgens mnr. Brad Smith van Greenpeace Africa is Suid-Afrika op 'n ontwikkelingspad wat steeds geskoei is op steenkool. Dit beteken slegte nuus vir die land se ekonomie én die omgewing.

Luidens die LTMS, wat die Suid-Afrikaanse afvaardiging in Desember tydens die klimaatgesprek in Kopenhagen sal voorlê, sal Suid-Afrika se huidige bydrae van 400 gigaton CO₂ tot die atmosfeer tot 2025 bly styg, waarna dit vir 'n dekade 'n plato gaan bereik en in 2035 sal afneem.

Smith wys daarop dat Suid-Afrika se kragrekening jaarliks nou sowat R154 miljard behoort.

As die huidige ontwikkelingspad in Suid-Afrika gevolg word, sal die kragrekening in 2050 R400 miljard oorskry.

As die regering hom speen van steenkool, kan die land byna R322 miljard aan sy kragrekening “spaar”.

Luidens die verslag is dit noodsaaklik – om gevaarlike klimaatsverandering te voorkom – dat daar by die Kopenhagen-beraad internasionaal konsensus bereik word dat kweekhuisgasse in 2015 (dus oor minder as ses jaar) 'n piek bereik, waarna dit drasties moet afneem.

Mnr. Sven Teske, Greenpeace se energiekundige en mede-outeur van die verslag, meen 'n onmiddellike, internasionale swaai na hernieubare energiebronne teen 2030 sal verhinder dat 10 miljard ton CO₂ in die atmosfeer beland.

Dié energiesektor kan van nou tot 2030 ook altesame 2,7 miljoen werkgeleenthede skep.

Smith het die LTMS skerp gekritiseer en gesê die Suid-Afrikaanse ekonomie gaan “bitter swaar kry” onder 'n nuwe klimaatregime.

Produkte wat deur “vuil” energie geproduseer is, gaan swaar aan koolstofbelasting dra.

“Aluminium – wat geproduseer is met die hulp van krag wat deur steenkool opgewek is – gaan byvoorbeeld baie duurder wees as aluminium wat met die hulp van hernieubare kragbronne vervaardig is,” sê Smith.

Teske sê die Greenpeace-verslag wys daarop dat wêreldleiers die internasionale ekonomiese krisis én die uitdaging wat klimaatsverandering stel tegelyk kan pak as hulle onmiddellik na hernieubare energiebronne oorskakel.

Teske voorspel as die politieke wil daar is, sal die groei in die hernieubare energiesektor die omvang van fossielbrandstowwe teen 2050 kan oortref.

Die tegnologie is reeds daar. Al wat kortkom, is die politieke wil, sê hy. Suid-Afrika se per kapita-bydrae tot kweekhuisgasse is hoër as dié van die Chinese en die Indiërs.

Dit is ook baie hoër as die wêreldgemiddelde.

Smith wys daarop dat China én Indië vir Suid-Afrika 'n voorbeeld stel deur energieke beleggings te doen in hernieubare krag.

Greenpeace vra die beraad dat:

) Wêreldwye uitlaatgasse teen 2015 'n piek bereik, waarna dit so "gou moontlik" moet afneem tot 'n 0-vlak teen 2050;) Ontwikkelde lande gesamentlik hul uitlaatgasse teen 2020 met minstens 40% (gemeet aan die 1990-vlak) sal sny;) Ontwikkelende lande hul geprojekteerde uitlaatgasse (met die hulp van ontwikkelde lande) teen 2020 met 15-30% sal sny; en) Die vestiging van 'n finansieringsmeganisme wat ontbossing in alle ontwikkelende lande sal beëindig.

Die verslag kan gelees word by www.greenpeace.org/energyrevolution.

Onderskrif: 'n Windplaas by Alleringersleben in Duitsland. Greenpeace beveel aan dat Suid-Afrika sy energieplan drasties hersien en die land moet spoen van steenkoolenergie. Foto: Andreas Rentz, Getty Images

"Hierdie berig is n presiese weergawe van die berig wat in die koerant verskyn het. Regstellings rakende die berig is moontlik n□ie publikasie daarvan gedoen. Soek asseblief in die argief en/of ander nuusbronne vir moontlike regstellings om die nuutste inligting te bekom."

"This article represents the text exactly as it was published